



**Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.**

4 NOVEMBER 2018

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

## GEMEENTEBULLETIN

### EREDIENSTE

#### 4 November

#### 11 November

			4 November		11 November	
09:00	Kerk	Oggenddiens (Doop)	Ds. Breytenbach	4	Dr. Hanekom	5
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Potgieter	9	Ds. Breytenbach	6
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootaal	Klouterkerk	Geen	-	Ds. Potgieter	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Breytenbach	13	Ds. Visagie	11

#### OGGENDDIENS

God se genade  
van insig.

(Joh. 9:35-41)

#### GESINSDIENS

Deur die oë van  
Maria.

(Lukas 1:26-56)

#### MEDITATIEWE DIENS

Aanvaarding –  
op pad met jouself.

#### JEUGDIENS

Gemeenskap van  
kerke.

(Matteus 28:19)

#### DEURKOLLEKTE

Prins Albert-crèche

### TIENDEMAANDINSAMELING BEGIN VANDAG

- Met die oog op die tiendemaandinsameling dié maand versoek ons dat jy biddend sal oorweeg om 'n bydrae tot die spesiale insameling te maak. Die tiendemaandbydraes is onontbeerlik in die voortsetting van gemeentewerk.
- Bring asseblief vanaf Sondag 4 November (of enige ander Sondag in November) jou tiendemaandbydrae, of bewys van die bydrae, in 'n leë blikkie saam na die erediens toe en in ruil daarvoor sal jy 'n spekboom-pie ontvang. Kontant moet asseblief in 'n toegeplakte koevert binne-in die blikkie geplaas word. Daar is 'n beperkte hoeveelheid spekboom-pies, neem asb. net een per gesin. Die spekboome sal in 2019 gereed wees om in jou tuin uitgeplant te word.

*Jeremia 17:8 "So iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie."*

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Alle graadgroepe ontmoet om 10:00 in die kerk. Ons gaan voort met ons feesreeks.
- JEUGDIENS: Begin om 18:00 met kleingroepe na die diens.
- SENIORKLEINGROEOPLEIERS: Ontmoet om 17:30.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE: Vir jong volwassenes, kom op Woensdae om 18:30 bymekaar. Kontak jeugkantoor vir info.
- **BLISS**: Groep vir jong volwassenes kom Sondag 16:45 bymekaar, en ander selgroepe Woensdagaande 18:30. Kontak die jeugkantoor vir meer info.
- GRAAD 1-TOT-3-KAMP: 9 tot 10 November in die grootsaal. Inskrywingsvorms is op [www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za) beskikbaar.
- JEUG-APP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai af en geniet!
- DELFT-UITREIK: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.

## VERVOER NA DELFT

Ons benodig dringend 'n vrywilliger wat bereid is om elke Donderdag, tydens skoolkwartale, om 14:30 tieners by Stellenberg Hoërskool op te laai, na Delft te vervoer en weer om 16:00 na afloop van die kinderbedieningprogram, terug te besorg by die skool. Jy sal die kerk se klein bussie gebruik en het dus nie 'n PDP-lisensie nodig nie. Kontak Sunet indien jy kan help by 021 975 1044/[sunet@stellenberg.co.za](mailto:sunet@stellenberg.co.za).

## VATVYF

- **Uitstappie**: Zeitz Museum of Contemporary Art Africa in die V&A Waterfront, Kaapstad op 7 November. Die bussies vertrek om 08:30. Neem asb. jou ID-dokument of bestuurslisensie saam om vir gratis toegang te kwalifiseer. Die uitstappie is ongelukkig reeds vol bespreek.
- **Kersafsluiting** op 5 Desember om 12:00 in die kleinsaal. 'n Ligte middagete met 'n kort Kersprogram word aangebied. Koste R30 per persoon. Bespreek by Karin 021 976 4519.

## KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1-3 Kleinsaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5 & 6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8 tot 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

## FEESMARK 2018

Ons was oorweldig met die wyse waarop die Feesmark vanjaar weer ondersteun is en vir uitstallers se harde werk en uithouvermoë onder druk omstandighede.

Besondere dank aan Marilize Verreyne en Adri du Randt, die feesmarkorganiseerders, asook lede van die Feesmarkkomitee vir elkeen se harde werk en toewyding. Ons is dankbaar vir die omset wat die mark in die huidige finansiële klimaat opgelewer het. Teen Donderdag 1 November was ons 3.7% onder verlede jaar se bruto omset, maar met inagnome van heersende swak ekonomiese toestande, beskou ons die laer omset, steeds as 'n prestasie. Die verkope het in die laaste week 'n skerp styging getoon. Ons is dus positief dat ons met Vrydag en Saterdag se omset die klein agterstand teenoor 2017 sal inhaal.

## KERSPAKKIES RUYTERWACHT SENIORS

Ons wil graag die Ruyterwacht Senior Sentrum ondersteun met die Kerspakkes wat hulle vir hulle lede saamstel. Hulle benodig 260 boksies met wigkasies en 260 pakke malvalekkers. Produkte kan by die kerkkantoor afgegee word.

## GEMEENTEKAMP 30 NOV. TOT 2 DES.

Almal wat plek bespreek het om vanaf 30 November tot 2 Desember saam te gaan kampeer, ontmoet op 18 November om 10:00 in die kapel om finale reëlings te bespreek. Kontak ds. René Potgieter met navrae by [rene@stellenberg.co.za](mailto:rene@stellenberg.co.za) of 079 893 8104.

## STELLENBERG-BYBELSKOOL

Die Ou Testament het oor 'n lang tydperk tot stand gekom en in dié vier-weke-kursus ondersoek ons die proses – wie die vertellers van verhale was en wat hulle daardeur wou kommunikeer.

Aanbieder: ds. Marius Breytenbach

Datums: Dinsdagaande (13,20,27 Nov. asook 4 Des.) om 19:00-20:30. Koste: R30. Plek: Stellenberg-kleinsaal

Inskywings: Karin Barter by 021 976 4519, of [karin@stellenberg.co.za](mailto:karin@stellenberg.co.za).

## EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 8 November

15:00 en 15:45

Handelinge 25: Paulus beroep hom op die keiser, maar beland eers voor die koning.

## HUISBYEENKOMS

Sondag 28 Nov. 18:00

1 Johannes 4 & 5:

Liefde . . . God se oplossing vir konflik!

## BREIGROEP

Die breigroep kom weer op Maandag 5 November om 09:30 in die feesmarkrestaurant byeen.

## **DOOP VANDAG**

- Riaan en Marlene Bezuidenhout, Jutesingel 8, Langebergridge, laat doop vir Mira Bezuidenhout.
- Roland en Renata Burke, Duetslot 6, Rosendal, laat doop vir Daniël Brian Burke.
- Wian en Mientjie Marais, Langebergstraat 9, Stellenberg, laat doop vir Esther Hermine Marais.
- Adriaan en Anelle van Niekerk, Selborne Place 22, Uitzicht, laat doop vir Driaan van Niekerk.
- Hein en Thea Willemse, Raphaelsingel 44, Stellenberg, laat doop vir Dorothea Magdalena Willemse.

## **ONS BID VIR MEKAAR**

- Etienne van Wyk, Mosellestraat. Hy is ontslaan en sterk tuis aan. Baie dankie vir almal se voorbedding.
- Settie Malherbe, Pinehurst. Sy het chirurgie ondergaan en ontvang tans chemoterapie.
- Hester Horne, Ridgeworth. Sy is ongesteld en sterk tans by haar suster aan.

## **MANNEKAMP 9 TOT 11 NOVEMBER**

Mannekamp by Slanghoek vanaf 9 tot 11 November te Slanghoekoord, Rawsonville. 'n Groep van 28 mans woon die geleentheid by. Almal slaap in chalets, m.a.w. ons kampeer nie regtig nie. Doen asseblief voorbedding vir 'n geseënde naweek en dat die vrug daarvan in hulle gesinne, huwelike, leefwêreld en die gemeente neerslag sal vind. Inskrywings het ongelukkig reeds gesluit.

## **VAKATURE EDELWEISS**

Edelweiss ACVV Dienstak benodig 'n afloshekman elke Sondagmiddag vanaf 14:00 tot 19:00. Dit is 'n geskikte pos vir 'n afgetrede manspersoon, wat 'n ekstra inkomste wil verdien. Die vergoeding beloop R48 per uur. Kontak asb. vir mev Botha by 021 976 1150, Maandag tot Vrydag vanaf 09:00 tot 14:00.

## **GEBEDSGROEPE**

### **Maandag 09:15**

Vrouebiduur in die gebedskamer.

### **Dinsdag 18:30**

Gebedsbyeenkoms in die gebedskamer.

### **Donderdag 06:00**

Gebedsbyeenkoms vir mans in die markplein.

## **NUUT IN DIE GEMEENTE**

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddienste by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan [odette@stellenberg.co.za](mailto:odette@stellenberg.co.za), of gesels na die diens met die prediker.